



# KRUGER

Internasionaal

Privaat Welvaart-Bestuur

## DIE STRANDLOPERS

Hierdie is die agtste verslag vanjaar.

### Politiek

- Alle gebeure en praterij van nou tot 2 November 2010 moet in die lig van die middeltermyn verkiesing in die VSA gesien word. Weens die voortslepende hoë vlak van werkloosheid in die VSA is die Demokrate onder druk – wat sou ons tog wou gee vir 'n 9.5% werkloosheidsvlak! – en word die president al hoe gryser. Ek vermoed daar gaan heelwat meer gryse hare verskyn in die volgende paar maande – ook nadat die verkiesing verby is.
- Plaaslik het ons die GROOT Durban konferensie gehad wat sommige mense blykbaar ondubbelsinnig in beheer laat voel het. Terselfdertyd het dit ook meegebring dat die debat oor die mynweese se funksionering al dan nie, tot 2012 uitgestel het. Ons kan nou rustig wees dat daar nie juis enige noemenswaardige investering in die plaaslike mynbousektor sal plaasvind tot dan nie.
- Intussen is daar nou ook ooreenkomste tussen al die vername mense in die openbare sektor onderteken dat almal sal presteer. Die interessante is dat daar nie juis iets onaangenaams sal gebeur indien die persoon nie presteer nie. Ek vermoed hulle sal almal nog lekker kan rondry, ongeag die vlak van prestasie.
- In Brittanje het daar gelukkig vir die Arbeidersparty geen broedertwis ontstaan nie, met die ouer broer wat besluit het om die hasepad te kies eerder as om geMuilband te word oor hoekom hy die oorlog in die Midde-Ooste en Afghanistan ondersteun het.
- Die onrustigheid in die Midde-Ooste duur voort – of dit nou is omdat Israel huise bou waar hy dit nie behoort te doen, of die Irakese onrusdig bly, Iran met rekenaarvirusse te doene het, die dodetal in Afganistan aanhou styg of Al-Kaïda in Pakistan tenkwaens aan die brand skiet.
- Orals in Europa is daar tans onrustigheid oor die planne van die regerings om dissipline in staatsfinansies in te stel. Dis seker ook nie lekker om langer te moet werk – of te maak of jy werk nie – en dan die risiko te moet loop dat jou staatspensioen ingekort gaan word omdat daar net eenvoudig nie genoeg geld is nie.

### Internasionaal

- Tans is die aanduidings dat groei in die VSA ekonomie minstens tot die einde van die jaar sal verlangsaam. Dit sal meebring dat werkloosheid op die huidige onaanvaarbare vlak van 9.5% of meer sal vashaak. Die fokus van die finansiële markte is dus op die verdere stimulus wat hulle verwag deur die Federale Reserweraad van die VSA aangekondig sal word – tans word verwag dat dit dalk in November bekend gemaak sal word. Die idee is dat die Fed weer eens staatseffekte sal koop om bykomende likiditeit in die markte te plaas.

Hein Kruger Internasionale Fondsbestuur (Edms) Bpk h/a Kruger Internasionaal  
Reg. Nr. 2000/007789/07 FSP Nr. 521

12de Vloer Owlstraat 25 Auckland Park Johannesburg  
Posbus 72260 Parkview 2122 Tel: +27 (0)11 726 7700  
Faks: +27 (0)11 219 7111  
[www.krugerinternasionaal.co.za](http://www.krugerinternasionaal.co.za)  
Direkteure: H Kruger, MM Kruger, JE Keller, JB Marais

Gemagtig deur die RFD as Diskresionêre FDV

- Indien hierdie bykomende likiditeit in die markte geplaas word, is die verwagting dat veral langtermynrentekoerse verder sal daal. Die 10 jaar VSA staatseffekte wat tans teen sowat 2.5% verhandel, kan teen die eerste kwartaal van 2011 teen 1.75% verhandel.
- Intussen worstel die eurogebied met die staatsfinansies van verskeie lande en die arbeidsonrus wat volg op aankondigings van hoër belastings en minder staatsbesteding – selfs op salarisse en pensioene. Die graderingsmaatskappye het ook in die afgelope tyd verskeie lande se gradering verlaag. Die vrese is dat dit baie moeilik sal wees om die begrotingstekorte in hierdie lande in die afsienbare toekoms tot die mikpunt van 3% van die bruto binnelandse produk (bbp) te verlaag. Die jongste bekommernis is of Ierland daartoe in staat sal wees om vanjaar se verwagte tekort van 32% van die bbp tot 3% teen 2014 te verminder. Die probleme word vererger deur die afgradering omdat dit meebring dat die lande die tekorte teen hoër kostes moet finansier. Die streng besuinigingsmaatreëls wat in hierdie lande voorgestaan word, sal ook 'n negatiewe impak op ekonomiese groei in die volgende aantal jare meebring.
- Die aanduidings is dat al die groot nywerheidslande in die periode tot minstens 2012 te doene sal hê met matige ekonomiese groei, werkloosheid wat hardnekkig op hoë vlakke bly en inflasie wat van tyd tot tyd kan dreig om negatief te word. In Japan word negatiewe inflasie in elk geval vir 2010 en 2011 voorspel.
- In ekonomieë soos China, Indië, Brasilië, Australië en verskeie ander word sterker ekonomiese groei en inflasiekoerse verwag. Daar sal ook gepoog word om binnelandse verbruik in China te stimuleer sodat die afhanklikheid van uitvoere om ekonomiese groei aan die gang te hou, verminder.
- Korttermynrentekoerse in al die groot nywerheidslande met goed ontwikkelde finansiële stelsels, sal tot minstens die tweede helfte van 2011 en selfs tot in 2012 op huidige lae vlakke bly. Indien dit die geval is, kan verwag word dat langtermynkoerse nog laer kan neig in hierdie periode omdat fondse van geld- na kapitaalmarkte sal vloei. Langtermynkoerse dui tans daarop dat hierdie markte verwag dat ekonomiese groei en inflasie vir die volgende 10 jaar op lae vlakke sal bly.
- Indien korttermynrentekoerse op huidige lae vlakke bly en lande soos China en Indië sterk groei toon, sal algemene kommoditeitspryse op hoë vlakke bly. Hierdie markte sal ook ondersteun word deur die verdere invloei van kapitaal wat op soek sal wees na 'n goeie opbrengs op besparings/beleggings.
- Die dollar goudprys word tans ondersteun deur lae internasionale rentekoerse, die swak dollar, asook die onsekerheid wat daar in die vooruitsigte van die wêreld ekonomie en die wêreldwye finansiële markte bestaan.
- Die internasionale olieprys styg weens die sterker ekonomiese groei wat in die Verre-Ooste na vore kom, die voortgesette lae rentekoerse en die wete dat die voorraad ru-olie nie onbeperk is nie.
- Internasionale aandelebeurse baat ook van tyd tot tyd by die lae rentekoerse, die wete dat maatskappye hul kostes tot baie lae vlakke besnoei het tydens die resessie en tans die lae langtermynrentekoerse benut om hul finansieringskoste vir die volgende dekade of twee op die huidige lae basis vas te maak.

## **Plaaslik**

- Die plaaslike ekonomie kan internasionale tendense nie ontsnap nie. Enige verlangsaming van ekonomiese groei sal ook 'n weerklank in die plaaslike ekonomie vind. Die sterkte van die rand veroorsaak dat die sakesektor sy kostes onder beheer sal moet hou indien hy wil oorleef in die internasionale, maar ook plaaslike handelsmarkte. Verbruiksbesteding word tans ondersteun deur die laer rentekoerse asook die voortgesette uitbetaling van welsynstoelaes aan 'n al hoe groter persentasie van die bevolking.

- Die sukses wat ons met die aanbied van die sokkertoernooi gehad het, dui daarop dat ons baie meer aandag moet skenk aan die uitbou van ons internasionale toerismebedryf.
- Die tekort op die handelsrekening het in die eerste agt maande van 2010 tot R12.2 miljard gekrimp teenoor R21.4 miljard in die ooreenstemmende tyd van 2009 – ‘n verbetering van 43%. Die groot invloed van buitelandse kapitaal na veral die kapitaalmarkt, sal beteken dat die tekort op die diensterekening vanjaar weer aansienlik sal toeneem teenoor die tekort van 2009. Die tekort op die lopenderekening van die betalingsbalans kan vanjaar toeneem tot sowat R110 miljard van minder as R100 miljard in 2009. Hierdie tekort word steeds deur die invloed van korttermynkapitaal finansier. Die opbou van internasionale korttermyn finansiering in die plaaslike ekonomie vergroot die langer termyn risiko’s vir die betalingsbalans indien die beleggers weer vir iets skrik in hul eie agterplaas, of indien die internasionale rentekoerstendense omswaai en weer begin styg.
- Die aanduidings is steeds dat die sentrale regering se begrotingstekort vanjaar sal krimp teenoor die begrote syfer wat in Februarie bekend gemaak is. Die onderliggende tendense bly egter negatief met die fokus steeds op die ondersteuning van verbruik eerder as die sakektor. Die grootste probleem is egter by plaaslike owerhede en geen oplossings hiervoor kan voor, of selfs na die plaaslike verkiesings van 2011 verwag word nie.
- Die aanduidings is dat selfs swakker skoolresultate vanjaar verwag kan word teenoor die wat die afgelope aantal jare behaal is weens die impak van die stakings. Hopelik word daar een of ander tyd ‘n plan ten uitvoer gebring om eerstens kwaliteit onderwysers te lewer en dan mettertyd ook kwaliteit opleiding te verskaf aan die wat leergierig is. Die gebrek aan voldoende opgeleide en kundige menslike hulpbronne bly vir my steeds een van die ernstigste hindernisse in die verwesenliking van ‘n volhoubare groei koers van 3% of meer in die langer termyn.
- Inflasie volgens die verbruikersprysindeks bly verras met laer as verwagte syfers. Die voortgesette sterkte van die rand kan meehelp om hierdie inflasiekoers naby die onderste mikpunt van die sentrale bank in die res van hierdie jaar te hou. In die langer termyn kan verwag word dat die inherente oneffektiwiteit van die RSA ekonomie inflasie weer eens sal laat styg.
- Die aanduidings is dat korttermynrentekoerse tot minstens die tweede helfte van 2011 op huidige vlakke sal bly met die risiko dat hulle eerder verder kan daal as styg gedurende hierdie periode.
- Langtermynrentekoerse kan nog verder daal in navolging van internasionale tendense en die voortgesette invloed van buitelandse kapitaal na hierdie mark. Die moontlikheid is dat hierdie tendens ook tot in die tweede helfte van 2011 kan voortduur. Hierdie mark sal egter heel waarskynlik die eerste aanduiding van ‘n ommeswaai in tendense verskaf.
- Die rand sal steeds onderskraag word deur die voortgesette invloed van hoofsaaklik korttermyn buitelandse kapitaal. Die risiko is dat hierdie tendens tot minstens die tweede helfte van 2011 kan voortduur. Dit sal meebring dat plaaslike sakeondernemings hul kostes onder beheer sal moet hou indien hulle mededingend wil wees in die plaaslike sowel as internasionale handelsmarkte.

### **Beleggingsomgewing**

- Met die aanduiding dat internasionale korttermynrentekoerse op huidige lae vlakke kan bly tot minstens die tweede helfte van 2011, sal beleggers en spekulante steeds beter opbrengste in die kapitaalmarkt, aandelebeurse, kommoditeits- en valutamarkte soek.
- Internasionale kapitaalmarkte kan in die komende maande steeds verdere winste toon met kapitaal wat na hierdie markte vloei en rentekoerse laer dwing. (Daar is natuurlik ook sommige lande soos in die Olyfgordel van Euroland plus Ierland waar onsekerhede hierdie rentekoerse kan laat styg.)
- Internasionale aandelebeurse het die afgelope aantal maande eintlik ‘n uitvloeï van kapitaal ervaar voor die herstel wat veral in September na vore getree het. Die aanduiding is dat die invloed van

kapitaal na die kapitaalmarkte oordoen was en dat daar een of ander tyd weer 'n groter vraag na die aandele van kwaliteitsbestuurde maatskappye sal wees.

- Internasionale kommoditeitsmarkte sal steeds ondersteun word deur die lae internasionale rentekoerse, asook onsekerhede in die internasionale finansiële stelsel.
- Die wisselkoerse van ontluikende markte wat ondersteun word deur hoër rentekoerse as wat in die groot nywerheidslande geld, asook kommoditeite, sal in aanvraag bly. Die risiko is dat hierdie wisselkoerse soos in die geval van die rand, te lank te sterk sal wees en die onderliggende ekonomieë sal skaad.
- Plaaslike kort- en langtermynrentekoerse sal steeds sywaarts tot laer neig tot in die tweede helfte van 2011.
- Die plaaslike aandelebeurs sal hoofsaaklik die internasionale tendense navolg.

Ulrich Joubert.

2 Oktober 2010.